15 JULIE 2018

09:00 Erediens

Peet Crous

Om te bou. Esra 4

Geluk aan *Byron Ninham* wat vanoggend as Kerkraadslid (primarius) vir die Eiendomsbediening bevestig word.

18:00 Aanddiens – Kapel

Jeanri Bezuidenhout

Baie welkom terug na die lang winterwakansie.
Ons vertrou dat u uitgerus is en nooi almal uit om deel te neem aan al die bedrywighede van die nuwe kwartaal.

22 JULIE 2018

09:00 Erediens

Eric Scholtz

18:00 Aanddiens

Fay van Eeden

Winterfees

Ons hou op 29 Julie om 19:00 Winterfees.
Kom geniet verskillende winterpotte, gluwein, goeie koffie en lekker winterpoeding @ R100 /persoon.
Bespreek jou plek by die kerkkantoor.
Moet dit nie misloop nie –
kom kuier saam!

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Skole open.** **Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Diensverhoudinge Bedieningvergadering** 18:30 (Kerkkantoor). **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Dolf Brynard, Wilgers Aftree-Oord 166, Trollopestraat, Willow Park Manor, 012 813 8217 – herstel na siekte.

Adriaan, Melanie, Ruth en Weyers-familie, Josephstraat 74, Lynnwood Glen, 082 333 6987 – Adriaan se pa, Jozef, siek.

Bewys van lidmaatskap:

John en Marinda Willis, Queens Crescent 450A, Lynnwood, 082 385 4412.

Teeskink: Gr8 ouers

Ouers van die Graad 8's word vriendelik versoek om asseblief te help tee skink na die Aanddiens op 22 Julie 2018. U meelewing word opreg waardeer. Navrae: Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.

"#geeREG" Maaltydkoepon-stelsel:

Elke dag word daar in die strate van Pretoria en Centurion 'n bedrag van tot R4 miljoen vir bedelaars gegee. Solidariteit Helpende Hand se navorsing het vasgestel dat tot 90% van bedelaars dwelms misbruik. Die probleem word elke dag net groter. Deur die geeREG-projek kan u maaltydkoepons koop wat die behoeftes van bedelaars baie meer verantwoordelik aanspreek. Maaltydkoepons is by die kerkkantoor beskikbaar @ R15 elk.

Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bank-besonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Snap here to pay

SnapScan

Kontak van die week: Die Christelike lewe

NT Wright is 'n Britse Nuwe Testamentikus wat baie produktief is en wyd publiseer. Hy het ook 'n boek oor die Christelike lewe geskryf: *After You Believe: Why Christian Character Matters*. Die doel van Christenskap is volgens hom nie om hemel toe te gaan nie. Dit is 'n ernstige verskraling van die Evangelie. Die doel is om die opstandingslewe in die nuwe skepping te leef. En hierdie nuwe bedeling het reeds in en met Jesus Christus se opstanding aangebreek. Dit beteken gelowiges leef nou reeds die opstandingslewe.

Christene verwag van mede-Christene om op 'n sekere manier op te tree en om verkeerde optredes te vermy. Die vraag is: Hoe slaag ons daarin om op die gewenste manier op te tree? Wright bespreek twee alternatiewe. Die eerste is dat die Christelike lewe 'n saak van plig en verantwoordelikheid is, en dat ons plig aan ons voorgehou word in die vorm van 'n stel Christelike reëls. Dit is vir ons moontlik om ons pligte na te kom, omdat die Heilige Gees ons reeds met ons bekering verander het met die oog op 'n toewydingslewe.

Die tweede alternatief is om 'n outentieke lewe te lei. Dit beteken dat ons nie moet toelaat dat die goeie aan ons opgedwing word van buite nie. God het ons aangeneem soos ons is. Elkeen moet gevolglik ontdek wie hy/sy ten diepste is, en moet dan getrou aan hom/haarself doen wat sy/haar hart hul aansê om te doen. Die doen van die goeie en 'n Christelike lewe is hiervolgens 'n spontane aangeleentheid, in die sin dat dit nie van buite voorgeskryf word nie, maar dat dit uit die hart kom.

Beide bogenoemde moontlikhede word deur Wright afgewys. Beide gaan van die veronderstelling uit dat ons net op grond van ons Christenskap reeds oor die vermoë beskik om die goeie te doen. Wat Wright betref, slaag ons nie daarin om die goeie outomaties te doen, net omdat ons Christene is, nie. Hoe dan? Die Christelike lewe kry beslag langs die weg van karaktervorming. En karaktervorming vind plaas deur die volgehoue beoefening van die Christelike deugde. Dit is slegs langs dié weg wat die doen van die goeie en die leef van 'n Christelik-deugsame lewe gewoontevormend word. Dit is soos die aanleer van 'n nuwe taal wat met baie herhaling en oefening gepaard gaan. Wright vind steun vir sy standpunt in die neuro-wetenskap waarvolgens herhalende gedrag die "bedrading" van die brein beïnvoed en verander, sodat gedragspatrone gevorm en vasgelê word wat weer volhoubaarheid gee aan die bepaalde gedrag. Dit is dus 'n sirkelbeweging waarin ons opgeneem word. Deugsame gedrag verander ons, en ons veranderde self tree deugsaam op, ens….

Watter deugde is hier ter sprake? Wright sluit in sy antwoord op hierdie vraag by die "spiritual formation" beweging in die V.S.A. aan, maar volg tog ook 'n eie weg. Die deugde wat hy identifiseer, wyk tog in noemenswaardige opsigte af van die tipiese lyste van sodanige deugde. Wright se lys van deugde sluit in Bybellees, die vertel en luister na verhale en voorbeelde, aanbidding, die viering van die sakramente, gebed, ens.

Die punt is: Die Christelike lewe gebeur nie outomaties nie! Dit verg oefening. Gereelde oefening!

Groete
Eric Scholtz
(Namens die predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom.

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Enkelpersoon-woonstelletjie (Batchelor) onmiddellik beskikbaar. Baie sentraal geleë 100m vanaf Lynnwood Bridge en Glenfair-winkelsentrum. Ook naby Varsity College en St. Alban's. Huur beloop R3600 per maand. Vol deposito en huurkontrak 'n vereiste. Skakel Paul 082 371 5389.

Transoranje-Skool vir Dowes: Vir die eerste keer ooit gaan die gewilde groep TOUCH OF CLASS saam met Transoranje Gebare Koor 'n *SOUND OF SILENCE*-konsert hou op Donderdag 26 Julie 2018 om 19:00 in die Aula Teater, UP kampus. R150 p.p. (kinders onder 6 jaar gratis). Kaartjies kan bespreek word by transoranje3@gmail.com. Moenie dit misloop, hierdie konsert gaan baie spesiaal wees!

Kraakvars Classics: 'n lig-klassieke produksie aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark, vir fondsinsameling, op 26 Augustus om 16:00 by Choose Life Ouditorium, Rubensteinrylaan 589, Moreletapark. Soliste André Schwartz, Burgerd Botha, Henry van Dyk, Veramarie Meyer, Charlotte Killian, Helena Ceronio en die Capital Filharmoniese orkes onder leiding van Schalk van der Merwe. Kaartjies: 083 289 1869 danievr@lantic.net (Danie van Rensburg) R200 – R250).

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of Info-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Watermeterlesings (deurgee) – rooster vir 2018 beskikbaar by www.tshwane.gov.